Nuusbrief 05 / 15 Maart 2024

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

"Wees sterker as jou verskonings"

## Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Dit voel soos gister toe ons voorbereidings vir die 2023-Paasete getref het en hier staan ons weer, sowaar een hele jaar later, op die vooraand van die 2024-Paasete. Baie dankie vir 'n volgepakte kwartaal waarop ons kan terugkyk; die wonderlike atletiekseisoen, ons uitmuntende swemspanne, ons revue-groepe wat reeds hard aan die oefen is, ons Redenaars en Pretpraters, ons Rugby en Netbal wat al aan die gang is en.... en.... en.....!

Niks hiervan sou moontlik wees sonder ons kinders, ouers en veral ons toegewyde personeel nie.

So is dit egter nog nie die einde nie en sien ons uit na die laaste week van die kwartaal wat voorlê, waartydens daar nog baie opwindende gebeurtenisse wag. Moet asb. nie ons 10-jaar verjaarsdagviering Karnaval misloop nie. Dit beloof om 'n groot hoogtepunt te wees en ons hoop van harte om u almal daar te sien!

Verdere inligting rakende die Paasete wat op 20 Maart plaasvind, volg op bladsy 2 van dié nuusbrief.

Ongelukkig sê ons dan ook totsiens aan juffrouens Liandri Bosman en Marili van Vollenhoven, wat ons aan die einde van die kwartaal verlaat. Ons wens hul alle sterkte toe met hulle nuwe avontuur.

## INLIGTING



### Baie geluk meneer Harmse!

Meneer Harmse het op Maandag 11 Maart, 'n trotse oupa van 'n pragtige dogtertjie geword. Welkom in ons wêreld, Mila Lemmen! Ons glo sy gaan meneer nog baie vreugde bring.

- Landloop 2024
- BLGG Studiemetodekursus
- Club Midstream

# PAASFEES BY MRP



## Paasete

Leerders sal in registerverband hulle Paaspiekniek op die rugbyveld of in die klas hou. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om op dié dag, "Bybelse" kos in u kind se piekniek-mandjie te pak. Die kos kan in die vorm van vrugte, kase, brode, koue vleise, druiwesap, melk, dadels en heuning wees. Die leerders sal hulle gewone skooluniform skool toe dra, maar hulle moet asb. die volgende saambring:

- 'n Kussing of 'n klein kombersie om op te sit.
- Seuns: 'n Vadoek of klein handdoek wat hulle op hul koppe kan draai (onthou om iets saam te stuur waarmee hulle dit kan vasmaak).
- Dogters: 'n Groot serp wat hulle om hulle koppe kan drapeer.

Ons sien uit om hierdie spesiale dag saam met al ons Ridge-Rakkers te vier!

| DATUM | KLEUR | BYBELVERS | SIMBOLIEK |
|---|---|---|---|
| 11 Maart | PERS | Romeine 3:9 | Ons sonde |
| 12 Maart | ROOI | 1 Johannes 1:7-8 | Jesus se bloed wat vir ons gestort is |
| 13 Maart | GRYS | 1 Johannes 1:9 | Ons bely ons sondes |
| 14 Maart | SWART | Matthéüs 27:50 | Jesus het vir ons sondes gesterf |
| 15 Maart | GROEN | 2 Petrus 3:18 | Ons groei as Christene |
| 18 Maart | WIT | 1 Korinthiërs 15:57 | Jesus het die dood oorwin en ons is gered |
| 19 Maart | GEEL | Matthéüs 5:8 | Laat jou lig vir Jesus skyn |



Woensdag 20 Maart 2024

## Paasete Program

| | GRONDSLAG-FASE | INTERSENFASE |
|---|---|---|
| 7:45 - 8:45 | Saalopening | |
| 8:45 - 9:45 | Klas | Book Buddies |
| 9:45 - 10:00 | Pouse | |
| 10:00 - 11:00 | Book Buddies | Periode 5 en 6 |
| 11:00 - 11:50 | Paasete | |
| 12:00 | Skool Sluit | |



# RAKKER-ATLETIEKSTER



In ware atletiekgees en vasberadenheid, het Christiaan Rautenbach sy plek in die SA- Atletiekkampioenskappe vir hoogspring verseker. Met 'n merkwaardige sprong van 1.50m, wat aan die streng kwalifiserende standaard voldoen, het Christiaan sy plek onder Suid-Afrika se top-atlete bevestig. Midstream Ridge bars van trots oor sy uitstaande prestasie, en erken die ontelbare ure se harde werk en toewyding wat hy aan oefening spandeer. Terwyl Christiaan hom voorberei om aan die SA-Kampioenskappe deel te neem, het hy die volle ondersteuning van sy skoolmaats, onderwysers en afrigters. Sy sukses dien as 'n inspirasie vir aspirantatlete en is 'n bewys van die krag van passie en deursettingsvermoë in die strewe na uitnemendheid. MRP sien reikhalsend uit om Christiaan se volgehoue sukses op die nasionale verhoog te aanskou. Ons het volle vertroue dat hy ons met trots en vasberadenheid sal verteenwoordig.



**Baie geluk ook aan die volgende leerders wat gekies is om aan die *Gauteng-Kampioenskappe* deel te neem:**

Jokim Mukadi (5E2) 80m, 100m en 70m-Hekkies
Christiaan Rautenbach (6A2) Hoogspring
Alexander Strydom (7A2) Gewigstoot
Hazel Snyman (7A1) Hoogspring
Tayla Rudman (7E3) 1500m Loop

---

## UNIFORMWINKEL VAKANSIE-TYE

| | |
|---|---|
| 20 Maart | 07h00 - 15h00 |
| 21 Maart-3 April | Gesluit |
| 4 & 5 April | 08h00 - 16h00 |
| 8 April | 08h00 - 17h00 |
| Vanaf 9 April | Normale ure |

**Vir dringende navrae skakel 064 937 0551**




## SPRINGFEST 2024

Op Saterdag 7 September, vind ons jaarlikse SpringFest plaas. 'n Dag in die Lenteson, propvol vermaak. Wees op die uitkyk vir meer nuus wat binnekort volg.

## GRAAD 8-INSKRYWINGS VIR 2025

Graad 8-inskrywings vir 2025 is tot 26 April 2024 oop. Indien u kind by *Midstream College* gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die *Midstream College* webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn-toelatingsvorm.
(https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/)
Indien u nou reeds vir die hoërskool aansoek doen, is u welkom om die graad 6, kwartaal 4-rapport as deel van u aansoek te gebruik.
(Gebruik asseblief die ouerportaal en die *Edana-APP* op u slimfoon om u kind se rapport af te laai.)
U kan ook tot die einde van die kwartaal wag om aansoek doen met u kind se graad 7, kwartaal 1-rapport, wat op Woensdag, 20 Maart uitgereik word.
Vir enige toelatingsnavrae kontak me Carine Cronje.
(carinec@midstreamcollege.co.za)

## AANSOEKE VIR GRAAD 1 - 2025

Ouers word versoek om asseblief graad 1-aansoeke vir 2025, voor 20 Maart 2024 in te dien. Geen hardekopie of e-posaansoeke sal aanvaar word nie.

Volg die onderstaande skakel om 'n aanlynaansoek te voltooi.
Indien u reeds 'n kind of kinders in MRP het, hou asseblief die ouerkode byderhand sodat u die nuwe aansoek, aan die huidige leerder(s) in die laerskool, kan koppel.
Vir enige navrae, kontak asseblief vir Corrie Burger by corrieb@midstreamridgeprimary.co.za of 012 940 9122.

**MRP-TOELATINGS**

## RIDGE KLASTORIE-AAND 2024

**(Inligting vir leerders wat reeds ingeskryf het)**
Die Ridge Klastorie-aand vind op Maandag 18 Maart 2024, vanaf 16:30-20:00, plaas. Die luisteraars kom in die saal bymekaar met 'n "sitkussing", kombers en 'n PIEKNIEKMANDJIE. (Geen teddiebere of speelgoed nie, asseblief.) Daar sal 'n pouse wees waartydens leerders versnaperinge uit hul piekniekmandjie kan geniet. Die tema vir hierdie jaar is OORSLAAPAVONTUUR!
Let wel: Dié aand is SLEGS vir graad 4 tot graad 7-leerders. Ons kan ongelukkig nie boeties en sussies akkommodeer nie. Die koste verbonde aan die aand beloop R150-00 per leerder. Die bedrag sal teen die einde van April 2024 van u rekening verhaal word.
Aangesien alle beplanning reeds voor die aand geskied,
kan ons ongelukkig geen laat inskrywings aanvaar nie.
Kontakpersoon: Me. T. Smith: twanis@midstreamridgeprimary.co.za





Die storie-aand vir Engelssprekende leerders sal op 16 September 2024 plaasvind.

# 'N BOODSKAP VAN DIE ATLETIEK-KAPTEIN

RIDGE ATLETE,

BAIE DANKIE VIR DIE VOORREG WAT JULLE VIR MY AS DIE 2024 KAPTEIN GEGEE HET.

DIE KOMPETISIE WAS STERK MAAR JULLE IS STERKER EN WAS ALTYD REG VIR AKSIE!

DOEN ALTYD JOU BES - JULLE HET MIDSTREAM RIDGE SUPER TROTS GEMAAK!

LUAN SMIT



# A MESSAGE FROM YOUR ATHLETICS CAPTAIN

DEAR ATHLETES

I AM PROUD TO SAY THAT THE ATHLETES OF 2024 DID AN AMAZING JOB IN PARTICIPATING TO THE BEST OF THEIR ABILITIES.

THANK YOU TO EACH ATHLETE THAT COMPETED, FROM THE INTERHOUSE ALL THE WAY THROUGH TO THE DISTRICT.

IT WAS TRULY A MEMORABLE SEASON!

MAIKE RICHELMANN



**DBV-UITREIK**
**20 MAART 2024**

Indien u kind graag die uitreik wil meemaak, voltooi asb. die onderstaande Google-Vorm:

**DBV-UITREIK**

DBV SPCA

**National Council of SPCAs**

*Protecting SA's Animals Since 1955*

## UITREIK

## @ KRUGERLAAN, CENTURION

**Die DBV is in groot nood vir fondse en donasies. Skandeer die QR-kode vir 'n lys van benodigdhede. Enige ander tweedehandse items wat nie gelys is nie, is ook welkom.**

## 20 MAART 2024

